SAWA - GEBIED GOUE WESTE

NUUSBRIEF VAN STREEK WESRAND JAARGANG 42, NO.4 MEI 2013-JUL 2013

KAMPVUURNUUS

## INHOUD

1 Wesrand bestuur 2012/2013
2 Redaksioneel
3 Oordenking
4 Ons Voorsitter aan die woord
5 Kampnuus – Bosveld Oase: 24&25 Mei '13
6 Kampnuus – Country Park: 14-16 Junie '13
7 60+ …. Wesranders
8 Laggie virrie daggie
9 Kampdatums 2013
10 Lief en Leed / Wesranders verjaar
11 Vir ons jongspan

Proefleser: Willie Steyn
Fotos: Winnie Soekoe

## WESRAND BESTUUR 2012 – 2013

**Voorsitter:** Willie Steyn, 0828234013,willie.steyn@standardbank.co.za

**Ondervoorsitter:** Anton Geldenhuys, 0732298601,Sarie.Geldenhuys@tigerbrands.com

**Sekretaresse:** Naomi Groenewald, 0767542842,nagroenewald@gmail.com

**Penningmeester:** Martie Steyn, 0720220573, martie.steyn@za.drdgold.com

**Redaktrise:** Winnie Soekoe, 0836426327, wcsoekoe@telkomsa.net

**Snr Burger verteenwoordiger:** Andre de Koker, 0828542626, andredekoker@vodamail.co.za

**Plaatjiekoördineerder:** Lyonel Soekoe, 0828884152, soekoe@telkomsa.net

**Addisionele lid:** Elaine de Koker, 0833675013


Voorsitter



Ondervoorsitter


Sekretaresse


Redaktrise


Penningmeester


Plaatjiekoördineerder


Addisionele lid


Snr Burger Verteenwoordiger

KAMPVUURNUUS

# REDAKSIONEEL

*Ek het in die vorige nuusbrief genoem dat ons een van die dae weer nominasies moet instuur vir die nuwe bestuur 2013/2014. Teen die tyd dat julle hierdie nuusbrief lees, behoort ons reeds by die AJV te wees by Klein Paradys, 23/24 Aug 2013, waar julle moet stem vir die mense wat julle genomineer het.*

*Op hierdie noot wil ek julle ook in kennis stel dat ek myself nie weer beskikbaar gestel het vir nominasie om op die bestuur te dien nie. Dit was vir my regtig baie lekker om die afgelope 2 jaar die fotoblaaie en nuusbriewe te kon doen, maar ek glo dat dit tyd is om nou vir iemand anders kans te gee om daarmee voort te gaan.*

*Kan julle glo ....., daar is nog net 3 kampe oor vir die res van 2013 [insluitend die AJV].*

*Nou ja, dit is dan nou tyd om te groet van my kant af wat betref die opstel van die nuusbrief. Sterkte aan die volgende lid wat dit gaan doen, en onthou, jy MOET dit geniet!*



*Groete Winnie*

KAMPVUURNUUS

# OORDENKING

*Bevrydende geloof - Markus 9: 23*

*Sommige mense beskou geloof bloot as die aanvaarding van wat die kerk of die Bybel ons leer. Geloof is eintlik dan niks anders nie as blote gehoorsaamheid aan die kerk of die Skrif. Baie ander mense verstaan geloof weer as 'n minderwaardige en uitgediende vorm van kennis. Geloof word dan verwar met 'n mitiese kennis wat minderwaardig sou wees teenoor die wetenskaplike kennis van ons eie tyd. As geloof nie verstaan kan word as intellektuele kennis nie, maar ook nie as blinde vertroue nie, wat is dit dan?*

*Geloof is vertroue in die lewende God teen die agtergrond van verskeie versoekings en aanvegtinge. Die geloof is in God se verbond van trou met die mens geanker. Hierdie geloofsverstaan word in die Nuwe Testament verduidelik. In Hebreërs 11: 1 word geloof soos volg beskryf: Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Geloof is die waagstuk om verder te kyk as na dit wat voorhande is, om nie met die sigbare tevrede te wees nie, maar om die onsigbare te oordink. Vir die skrywer van Hebreërs gaan dit daaroor dat 'n mens nie moet tou opgooi wanneer jy voor die harde werklikheid te staan kom nie, maar dat jy in die geloof moet volhard in die lig van die nuwe, die koninkryk van God, wat aan die kom is. In hierdie sin sê 1 Johannes 5: 4 dan ook: En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof.*

*Jesus sê ook in hierdie verband volgens Markus 9: 23: Vir die een wat glo, kan alles. Ons behoort op God se geloofsaanbod te antwoord met die woorde van Markus 9: 24: Ek glo, help my waar ek nog ongelowig is. Hierdie woorde kan as gebed aan die Gees van God gerig word.*

*Gebed - Here, neem tog nooit u Gees van ons af weg nie: Hy maak vir ons die Skrifte oop, laat groei in ons geloof en hoop. (Gesang 448: 4)*

*Dr Gafie van Wyk*

*Kaapstad*

KAMPVUURNUUS

# ONS VOORSITTER AAN DIE WOORD

*Dagsê Wesranders*

*Die tyd gaan so vinnig verby, ek kan amper nie glo dit is alweer tyd vir ons AJV nie.*

*Die nominasies vir volgende jaar se bestuur het op 30 Junie 2013 gesluit en ek is baie bly dat van die jonger lede hulle beskikbaar gestel het om op die bestuur van Wesrand te wil dien en hulle kan 'n positiewe bydrae maak tot die organisasie. Die jonger lede het nuwe idees wat soms nodig is en wat tot voordeel van 'n organisasie kan wees.*

*Ek wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat hulle beskikbaar gestel het en wens julle sterkte toe met die verkiesing.*

*Sedert my vorige skrywe, het ons twee saamtrekke gahad, naamlik by Bosveld Oase, gedurende Mei-maand en Country Park in Junie. Dit was ook ons eerste saamtrek by Bosveld Oase en almal wat dit bygewoon het, was baie beïndruk met die oord en wil definitief weer daar gaan kamp in die toekoms. Die oord is baie netjies met groot, gelyk staanplekke en die ablusiegeriewe is van 'n hoë standaard. Die oord is weer op volgende jaar se program.*

*Tydens ons saamtrek by Country Park, het ons volgende jaar se kampe bespreek en daar is tot die besluit gekom om nuwe oorde op ons program te plaas. Die volgende nuwe oorde gaan op ons jaarprogram wees :*

*Soetdoring – Vereeniging*
*Onverwags – Brits*
*Bush 'n Buck – Brits*
*Ons sien baie uit om hierdie nuwe oorde te besoek.*



*Sterkte vir die genomineerde lede tydens die verkiesing.* *Groete Willie*

KAMPVUURNUUS

# KAMPNUUS

*Bosveld Oase – 24-26 Mei 2013*

***So breek die naweek vir Bosveld Oase aan. Almal slaan opgewonde op die lieflike groen gras op. Die kinders het verskriklik die geplaveide paaie geniet en tot laat fiets gery. Vrydagaand is heerlik afgeskop met 'n heerlike ete wat Kobie Van Der Zwan voorberei het. Ná boekevat, het almal rustig die aand verder geniet.***

***Saterdagoggend het afgeskop met 'n heerlike gesamelike ontbyt. Die res van die oggend was rusti,g met die kinders wat die onderdak swembad geniet het. Tannie Sarie se blou mandjie het weer te voorskyn gekom Saterdagmiddag. Heerlike "koeldrank" word geskink vir almal. Christelle was die hoof skinker. Juan het soos altyd ons almal laat lag met sy grappe. Die middag is daar heerlik gekuier as vriende.***

***Saterdagaand was daar 'n saambraai en lekker gekuier. Party mense het tot snoek gerook (sal nie name noem nie).***

***Sondagoggend is afgesluit met boekevat deur Tannie Kobie met ' n baie mooi boodskap. Daarna het die moer- meester te voorskyn gekom en daar was 'n paar verassings, soos altyd.***

***Die naweek is in 'n goeie luim afgesluit met 'n heerlike ontbyt by die restaurant.***

***Almal het die oord baie geniet met sy puik fasiliteite en ek glo ons sal die oord gou weer besoek.***



***Groete Joniel Steyn***

KAMPVUURNUUS

# KAMPNUUS

*Country Park – 14-16 Junie 2013*

*Winterkamp kuier op sy beste. Donderdag, het 3 Woonwaens staangemaak langs die lapa.*

*Vrydag het nog 5 woonwaens ingekom en ons was 8 Woonwaens in totaa,l vir die naweek. Vrydagaand was ons bederf met heerlike sop en vetkoek wat deur die kamkommandante verskaf is.*

*Ons het heerlik saamgekuier met ontbyt Saterdagoggend en met die saambraai Saterdagaand. Almal het lekker warm om die kaggelvuur gesit en daar was lekker gekuier en grappe gemaak tot laat in die aand.*

*Sondag was Vadersdag, waar die manne heerlik bederf was met die mooiste geskenkies, wat vir hulle almal 'n groot verrassing was.*

*Lui het ons Maandag begin en die terugtog huis toe gevat.*

*Dankie vir Fanie & Gerda Van Greunen asook Anton & Sarie Geldenhuys vir 'n heerlike naweek, dit was baie spesiaal.*

*Groete Martie*



KAMPVUURNUUS

# 60 +...... WESRANDERS

'n Voëltjie kan in die ergste storm op 'n pieperige takkie sit en sê breek maar, ek het vlerke.

As jy voel of jou takkie breek onthou,
Jesus is jou vlerke.

Soos druppels op 'n roos val,
val God se Gees op jou,
en bedek jou vandag met nuwe Lewe,
nuwe krag, besondere skoonheid
en 'n lieflike Geur.

Mooi harte is soos bome .
Mooi gedagtes die wortels ..
Mooi woorde die takke .
Mooi dade die blomme en blare ..
en jou mooi vriendskap
die heerlike VRUGTE!
Mag jy 'n mooi dag verder ervaar...

KAMPVUURNUUS

# 'N LAGGIE VIRRIE DAGGIE

Baas toets blond se wiskunde: "As ek vir jou R5 miljoen minus 10% gee,
hoeveel trek jy af?" Blond: "Als Meneer!....

Skoene, rok, bra, pantie
FLIPPEN ALLES!"

Koos maak 'n ongeluk. Hy sê vir die polisieman: "Ek vermoed die bestuurder van die ander kar is dronk." Polisieman: "Ai meneer, die ander
kar is dan 'n koei.....!"

Mike vra Kallie - Is Portugal ver? Kallie se nee, hy glo nie, want daar was Portugese saam met hom op skool en hulle het almal met fietse gery!

Man vat sy siek vrou Dokter toe. Na die ondersoek sê die Dokter vir man,
'Ons het hier met 'n baie lelike ding te doen.'
Man sê: 'Ek weet Dok, maar sy is regtig goed vir die kinders'

AVBOB ADVERTENSIE:
Koop jou gat nou en sien hom later!

KAMPVUURNUUS

# KAMPDATUMS 2013

25/26 Januarie - Klub Amigos (Gebiedskamp)

22/23 Februarie – Malonjeni

29 Maart tot 1 April – Presidente by Klipdraai

26/27 April – Dube

24/25 Mei – Bosveld Oase

14/15/16 Junie – Country Park

23/24 Augustus – AJV Klein Paradys

27/28 September – Kampterrein sal aangekondig word

25/26 Oktober – Hartbeeshoek

22/23 November – Eastco Magalies)

KAMPVUURNUUS

# LIEF & LEED

Baie geluk aan almal wat verjaar het.
Baie geluk ook aan die manne en vroue wat herdenkings gevier het.

Ons dink aan Tannie Nita Olivier se familie, met haar afsterwe.
Martie Steyn is opgeneem in die hospitaal.

## Wesranders Verjaar

**NB! AS JOU NAAM EN VERJAARDAGDATUM NIE HIERONDER IS NIE *OF NIE REG IS NIE*, KONTAK MY ASB SODAT EK MY LYS KAN OPDATEER.**

**AUGUSTUS 2013**
08 ASHLEY SWANEPOEL
06 COBUS EKSTEEN
09 WALDO STEYN
12 CASPER EKSTEEN
12 JAN JOUBERT [SNR]
21 ELAINE BAITES
22 PHILNA BUYS
31 FANIE VAN GREUNING

**SEPTEMBER 2013**
07 GERDA VAN GREUNING
15 JOHAN PIENAAR
16 BOKKIE EKSTEEN
22 DALEEN COERTZE
24 LEN SMITH
30 SUE EKSTEEN
30 MAGIEL VAN DEN BERG

**OKTOBER 2013**
03 ANIKA VENTER
13 DANELLE VAN GREUNING
15 KOBIE V/D ZWAN
20 HESTER PIENAAR
24 CHRISNA GROENEWALD
27 ALYSHIA SOEKOE
27 LYONEL SOEKOE
30 MORNE SWANEPOEL

**NOVEMBER 2013**
01 ELAINE DE KOKER
02 SOPHIE HARMSE
05 TAMMY SOEKOE
06 NITA OLIVIER
09 ANNETTE MYNHARDT
09 JAN SWANEPOEL
21 WILLIE STEYN
22 MARTIE STEYN

**DESEMBER 2013**
03 LEON V/D ZWAN
08 HESTER JOUBERT
09 ANDRE DE KOKER
10 MONICA V/D BERG
12 LARONE SWANEPOEL
12 CORNELIUS GROBBELAAR
15 GERT COERTZE
17 ANTON GELDENHUYS
20 DOUGLAS COBBLEDICK

# VIR ONS JONGSPAN

KAMPVUURNUUS

## Sirkus Geheue Speletjie

**INSTRUKSIES:**

- Knip die volgende prentjies uit op die stippel lyntjies.
- Plak elke prentjie op 'n stukkie karton en knip ordentlik uit.
- Draai al die prentjies onderstebo.
- Skommel prentjies.
- Die objektief is om twee prentjies wat dieselfde lyk om te draai en dan uit pakkie te haal.
- Indien twee verskillende prentjies omgedraai word, draai hulle weer onderstebo en probeer weer.

